

4 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 15:35-16:5

Konflik in die uitdra van die evangelie

Hierdie gedeelte laat ons sien dat daar positiewe dinge uit konflik kan voortvloei. Barnabas wou Johannes Markus op die tweede sendingreis saamneem, maar Paulus wou nie. Dit is vir hom ondenkbaar om die risiko te loop dat Markus hulle dalk weer in die steek sal laat. Halfhartigheid kan nie in sendingwerk geduld word nie! Oor dié saak het die twee apostels so skerp verskil dat hulle glad nie tot 'n vergelyk kon kom nie en hulle paaie het uitmekaar geloop. Ten spyte van hierdie konflik gaan die Here se werk voort. In plaas van één reis en werkring, volg daar nou twee: Barnabas en Markus in Siprus en Paulus en Silas op die beplande roete, naamlik om die gemeentes wat op die eerste reis gestig is, weer te besoek. In hierdie jong gemeentes het Paulus as apostel 'n belangrike opboudaak vervul.

Die verwydering wat tussen Paulus, Barnabas en Markus ontstaan het, was nie blywend nie. 1 Korintiërs 9:6, Kolossense 4:10, 2 Timoteus 4:11 en Filemon 1:24 toon duidelik dat daar later weer mooi samewerking was. Ons moenie verbaas wees oor meningsverskille wat tussen gelowiges ontstaan nie. Elkeen het sy eie idees oor hoe dinge gedoen moet word. Dit is egter belangrik hoe konflik hanteer word. Christene moet ruimte vir mekaar en vir verskille maak. Waar die waarheid en genoegsaamheid van die evangelie van Christus egter op die spel is, mag ons geen duim afwyk nie. Hier was dit duidelik nie die geval nie.

Sing: Psalm 133:1

Prof F Denkema (Potchefstroom)